



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V2

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

2. Beantwoord slegs DRIE van die vyf vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1**

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Suid-Afrika het baie groot maatskaplike probleme. Godsdienstige leringe van alle godsdienste bied oplossings vir en verligting van hierdie groot maatskaplike probleme. |

1.1 Identifiseer EEN maatskaplike probleem en toon hoe dit in die samelewing te voorskyn tree. (10)

1.2 Bespreek hoe ekonomiese en maatskaplike faktore 'n rol speel in die veroorsaking van die probleem. (10)

1.3 Kies EEN godsdiens en wys hoe dit oplossings vir die probleem bied. (10)

1.4 Ontwikkel 'n praktiese strategie in die konteks van godsdiens om die probleem op te los. (20)

**[50]**

**VRAAG 2**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Baie mense het voorspel dat Darwin se evolusieleer die einde van godsdiens sou beteken. Alhoewel dit groot verdeeldheid in baie godsdienstige gemeenskappe veroorsaak het, het die evolusieleer nie godsdienstige oortuiginge vervang nie. |
| [Bron: *Focus*, RD Donne en S Harbour, bl.99] |

2.1 Wat, na jou mening, is die verwantskap tussen die wetenskap en enige EEN van die volgende:

- Oosterse godsdiens
- Midde-Oosterse godsdiens (10)

2.2 Kies EEN godsdiens en bespreek of dit strydig is met Darwin se evolusieleer. (20)

2.3 Bespreek die oerknalteorie ('big bang theory') and vergelyk dit met die skepping in enige EEN godsdiens. (20)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Bespreek die hermeneutiese beginsels van die interpretasie van normatiewe bronne van enige EEN godsdiens. (20)

3.2. Bespreek die rol van die volgende in die godsdienskonteks:

3.2.1 Inspirasie (10)

3.2.2 Mondelinge tradisie (10)

3.2.3 Heilige boeke/geskrifte (10)
**[50]**

**VRAAG 4**

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Christen-setlaars het in 1652 in Suid-Afrika aangekom, Moslems in 1796 en Hindoes in 1860, terwyl die Afrika Tradisionele Godsdiens nog altyd in die land beoefen is. |

4.1 Bespreek intergodsdienstige dialoog (indien enige) in Suid-Afrika voor 1996. (10)

4.2 Analiseer die rol van huidige wetgewing in die aanmoediging van gesonde intergodsdienstige verhoudinge in Suid-Afrika. (20)

4.3 Verduidelik die rol van intergodsdienstige organisasies in die internasionale gemeenskap. (20)
**[50]**

**VRAAG 5**

Bespreek die sentrale leringe van enige EEN godsdiens onder die volgende opskrifte:

5.1 Die aard van godheid (10)

5.2 Die aard van die wêreld (10)

5.3 Die individu en die gemeenskap (10)

5.4 Die plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld (10)

5.5 Die aard van boosheid (10)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou